7. Tien Dae van gebed voor Pinkster-Sondag.

Pinkster-Sondag val hierdie jaar op 20 Mei en word die 10 dae voor die tyd weer gefokus vir herlewing. Dit is 'n nasionale gebedstrategie. Hierdie jaar se tema is weer "Kom heilige Gees" met die Onse vader as riglyn. Die riglyne is baie kort en kan op verskillende maniere benut word. Op jou eie, in 'n groep of deel van 'n diens of byeenkoms. Elkeen se deelname gaan help om die stroom van gebed wat in hierdie tyd opgaan meer volume te gee. Die riglyne het 'n sterk klem op verootmoediging. Hier is nie plek hier vir al die 10 dae se riglyne nie en deel ons net die eerste en laaste dag van die 10 Dae. Die riglyne is op "Jericho Walls International Prayer Network" se webwerf beskikbaar. Volg die "Let's Pray" skakel. Of kry dit ook op hulle toep of "app" in die "Google Play Store".

10 Mei 2018 - Dag 1 - Onse Vader wat in die hemel is (Matteus 6:9-13)

Ons buig ons knieë vandag voor die Vader van onse Here Jesus Christus, van wie elke geslag in die hemele en op die aarde sy naam ontvang. Dankie dat U Jesus Christus, U enigste Seun, gestuur het. Deur Sy dood en opstanding kan ons in U teenwoordigheid kom. Dankie vir die gawe van u Heilige Gees wat ons as U kinders aangeneem het. Dankie dat ons U "Ons Vader" kan noem. Dankie dat ons, as U aangenome kinders, dieselfde erfenis as Christus Jesus het. Mag ons U ken soos Jesus U ken. Ons het U lief omdat U ons eers liefgehad het.

20 Mei 2018 - Dag 10 - Uitstorting van die Heilige Gees

Bid vandag, soos soveel duisende kere in die geskiedenis van die kerk, dat God die Vader Sy Gees weer op die kerk sal uitstort. (Handelinge 4:31; 8: 15-16; 10:44; 11:15). Dit was in sulke tye van geestelike herlewing dat God lande en nasies totaal verander het. Lees die bogenoemde Skrifgedeeltes. Vra die Heilige Gees om met jou te praat. Bid dat God jou hart sal aanraak om vurig te bid vir die kragtige werking van Sy Gees in ons land.

Baie dankie vir elkeen se gebed en ondersteuning die afgelope paar maande. Ons aardeer dit baie. Julle maak dit vir ons moontlik om met die bediening aan te gaan en voete te gee aan die roeping wat in ons harte leef. Julle is deel daarvan. Ons is bewus daarvan dat dit van julle almal 'n groot opoffering verg deurdat julle julle tyd en hulpbronne daaraan afstaan.

"Verkondig elke dag Sy reddingsdade"... Ps. 96:2

GAP Ministries, Brocket Straat 9, De Mist, Uitenhage
Tel: 041-9228308 (huis)
Pierre Sel: 0833703592 Sugnét Sel: 0834014517
Go and Proclaim Trust: ABSA Bank Uitenhage: 4056657942
E-pos: outreach@global.co.za Webwerf: www.goandproclaim.co.za

GAP MINISTRIES

GAP NUUS APR 2018

Persoonlike Nuusbrief van
Pierre, Sugnét, Pieter en Eldi van Wyk

Vriende, ons groet julle in die wonderlike naam van Jesus Christus, ons bron van hoop. Hierdie is ons eerste nuusbrief van 2018 en die eerste een weer na 'n lang ruk. Ons deel graag hier meer nuus oor ons doen en late. Daar is so baie wat gebeur so ons beperk dit tot die volgende onderwerpe. Ons glo ook hier is pitkos hierin wat jou sal moed gee.

Inhoud

1. Oordenking
2. Gesinsnuus
3. Ondersteuners-ontbyt
4. Nehemia se Visie
5. Oos-Kaap
6. Elandsrivier Kerk
7. Tien Dae van gebed voor Pinkster-Sondag

1. Oordenking
Salomo se Gebed

In die eerste boek van Konings en die tweede boek van Kronieke vind ons die verhaal van Salomo se doen en late opgeteken. Dit strek oor min of meer 10 hoofstukke wat eintlik maar kort is as sy tydperk van heerskappy in ag geneem word. Sy wysheid en rykdom was wel bekend en was daar waarskynlik nog nooit weer iemand na hom wat sy goudvoorraad in tonne afgeweeg het nie, of elke dag 5 ton broodmeel by hom laat aflewer het om al sy personeel te voed nie. Salomo se skandes en ongehoorsaamheid en afvalligheid is ook goed bekend en het sy ongehoorsaamheid die Here se toorn oor hom laat ontvlam. Maar daar was 'n tydperk waar hy baie guns geniet het, en in voeling was met die nood van die mense in sy land. In beide 1 Konings en 2 Kronieke is 'n baie lang gebed van Salomo opgeteken wat ons iets van sy hart vertel.

In 2 Kronieke 6 kry ons die korter weergawe. Salomo is hier aan die bid: "luister tog na elke gebed, elke smeking wat van enige mens of van u hele volk Israel mag kom soos elkeen sy plaag en sy smart te kenne gee en sy hande na hierdie tempel toe uitstrek; luister tog uit die hemel, u woonplek, en vergeef en gee aan elkeen wat hy verdien soos U sy hart ken, want net U ken die mens se hart, sodat hulle aan U gehoorsaam sal wees en u weg sal bewandel die hele tyd dat hulle in die

land leef wat U aan ons voorvaders gegee het." Hy gaan dan verder en bid ook vir die vreemdelinge in die land: "Luister ook na die vreemdeling wat nie uit u volk Israel is nie en, omdat hy gehoor het van u groot Naam, u mag en krag, selfs uit 'n ver land kom en na hierdie tempel toe bid."

Salomo het waarskynlik as hy deur sy koninkryk gereis het bewus geword van die plaag en die smart van die volk van die Here. Ons kan aflei dat daar tye was waar mense in groot getalle bymekaargekom het om die Here se aangesig te soek en dat dit nie ongewoon was vir mense om op hulle eie die Here se naam aan te roep nie ten aanhoor van almal rondom hulle nie. Anders sou Salomo seker nie daarna verwys het nie. Ek twyfel of hulle dit in stilte gedoen het as mens lees hoe rumoerig die klomp was. Hulle was nie van die stil soort nie en hulle was so baie soos die sand van die see so dit moes geraas het as hulle 'n biduur gehou het. Die plae verwys waarskynlik na siektes en die smart na lewensverlies. Kos en drank was volop en was gebrek daaraan nie die oorsprong van hulle smart nie. Ook nie onvrede nie aangesien Salomo in vrede geleef het met al sy bure. Nietemin was daar smart, ook onder die vreemdelinge en Salomo het gepleit by die Here dat almal se gebed volgens die begeertes van hulle harte beantwoord sal word.

Terug by die hede. Dit is goed bekend dat ons vorige koning totaal en al uit voeling was met die nood van die volk en sal net tyd leer of ons nuwe koning in meer voeling gaan wees. Daar is positiewe tekens en is ons die Here dankbaar dat die diktatorskap van die vorige koning afgeweer is. Nietemin, nie die vorige koning en ook nie die huidige koning het of gaan vir ons intree by die Here nie. Iemand anders sal vir die nood van die mense in die gaping moet staan. Ons is geseën met bekwame geestelike leiers met harte vol deernis, maar hulle kan ook nie oral en by almal wees nie. Elkeen van ons het wel die oë om die nood rondom ons raak te sien en die ore om die geweeklag van ander te hoor en dit is, glo ek, die Bybelse model. Maar hoe doen ons dit sonder om te voel ons is nie bekwaam nie of om te kies dat oogklappe en oorpluisies die beter opsie is ten spyte daarvan dat die gekerm al hoe harder word nie?

Die nood van mense is so oorweldigend dat dit onmoontlik is vir enige van ons om op 'n daaglikse basis te reageer op almal se smart, selfs nie eens om vir hulle te bid nie. Maar die Here wil ons gebruik! Die Heilige Gees wat met ons praat deur daai stil oortuiging en somtyds meer hoorbaar is waarskynlik ons beste roep. Dan kom daar net daardie vrede in jou gemoed as jy in die krag van die Heilige Gees kan reageer op die siekte en smart van ander en jy begin skatte bymekaar maak in die hemel. Salomo se pleidooi voor die Here vir die volk se smart het nou ons elkeen se opsie geword vir ons medemens. Partykeer doen ons dit alleen, in stilte of met 'n geraas en partykeer doen ons dit saam met ander met nog 'n groter ge-raas. Ons wil graag almal uitnooi en aanmoedig om deel te word van hierdie leermag wat vir die mense in ons land in die gaping gaan staan. Dit is lankal nie net meer die koning se werk nie!

verder en dramaties verander.

Ons wil graag vir Daniel en Estelle bedank dat hulle in hulle bediening so baie plek gemaak het vir die Oos–Kaap en vir hulle tyd en hulpbronne wat hulle in ons provinsie investeer. Ons glo dit is vrugbare grond en dit sal 'n ryk oes van geestelike herlewing oplewer.

6. Elandsrivier Kerk

Die kerkie daarbo in Elandsrivier met sy nuwe laag verf staan uit soos 'n baken op 'n bultjie. Niemand mis hom nie. Die NG Kerk aan wie die gebou behoort, het toestemming verleen dat die boeregemeenskap dit kan gebruik na goeddunke vir geestelike aktiwiteite. Dit is die ou nuus. Enige iemand is welkom om saam te gaan vir die dienste, gewoonlik die laaste Sondag van die maand en preek Sugnét die meeste van die tyd. Ry maar net stadig aan die 50km grondpad en jy sal wel daar uitkom die pad is nie sleg nie. Dit is 'n lekker uitstappie op 'n Sondagoggend en groei die belangstelling. Die doel is om met verloop van tyd die karakter van die kerk natuurlik te laat ontwikkel en ook om meer predikers uit te nooi om te help daarmee. Daar is eenstemmigheid dat dit 'n interkerklike geloofsgemeenskap moet wees en dat enige persoon daar welkom is. Daar is 'n komitee bestaande uit Sugnét en 'n paar boere en hulle vrouens op die been gebring om die wiele aan die rol te hou en te kyk dat daar nie net geëet word nie. Die droogte knaag aan almal se hakskene en daarmee saam al die uitdagings van 'n boerdery-gemeenskap bring sy eiesoortige kleur. Ons vertrou die Here dat Hy deur Sy teenwoordigheid hoop, nuwe lewe, baie lammers, kalwers en die reën gaan bring.

Die nuwe nuus is dat tydens die laaste besoek het ons vir Raymond Matabielie saamgevat. Hy is 'n boorling van die Vallei en tans pastoor van 'n AGS gemeente en 'n paar onafhanklike gemeentes in en om Uitenhage. Die boer op wie se grond die ou skooltjie is het toestemming verleen dat dit herstel en gebruik kan word vir dienste vir die plaaswerkers. Die gebou is nog in 'n baie goeie toestand en met 'n laag verf en nuwe vensters kan dit 'n lekker geestelike tuiste word. Ook in die geval word 'n interkerklike geloofsgemeenskap beoog. Die plan is vir Raymond om verhoudings met die boere en plaaswerkers op te bou, die werkers se geestelike behoeftes te bepaal en sodra die skoolgebou bruikbaar is dienste en ander byeenkomste daar te hou. Die nuwe skooltjie is net 'n doringbos verder en wil Raymond ook daar betrokke raak. Daar is so 'n rapsie meer as 30 kinders in die skooltjie. Ons vertrou dat met almal se insette die geestelike klimaat in die vallei gaan verander en dat dit vir baie inwoners en besoekers 'n geestelike lafenis en heenkome gaan wees.

As enige iemand graag wil saamgaan een Sondag kontak gerus vir Sugnét.

Vandag is daar maar ’n handjie vol sendingstasies wat nog amptelik bedryf word oor in die Oos-Kaap. Die goeie nuus is dat die kerk by wyse van al die sending aksies oor honderde jare ’n uitstekende werk gedoen het om die kerk te vestig. Daar is nie ’n stad, dorp, gemeenskap of plek waar daar nie ’n kerk is nie. Ons het eintlik nie meer sendingstasies in die ware sin van die woord nodig nie. Die kerk is orals. Dit geld ook vir die res van die land. Die behoeftes lê wel op ’n ander terrein. Ek en Daniel Brink van Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk reis so paar keer ’n jaar deur die Oos-Kaap met die doel om verhoudings met kerkleiers te bou, hulle in te lig oor nasionale gebedstrategieë, hulle uit te nooi om daaraan deel te neem en hulle te help om gebedsnetwerke te vestig indien dit nie alreeds bestaan nie. Tydens ons laaste onlangse besoek kon ons die keer so vêr Noord as Barkley-Oos draai en so vêr oos as Maclear, plekke waar ek nog nooit was nie. Verder suid het ons ’n draai in Lusikisiki gemaak en tussenin ‘n klompie dorpe besoek. Ons is orals goed ontvang en het wonderlike sout van die aarde mense ontmoet. Omtrent almal met wie ons gepraat het, is dit eens dat die kerk ’n geestelike herlewing of inspuiting nodig het en tans nie op ’n goeie plek is nie. Daar is eenstemmigheid dat die kerk tot ’n groot mate sy krag en invloed in die wêreld verloor het en dat ons as die kerk iets daaraan moet doen. Daar is verskillende opinies oor hoe daar weer by daardie punt uitgekom moet word, maar ten minste is daar ’n onvergenoegdheid met die kerk as die liggaam wat die Here hier op aarde verteenwoordig. Daar is intense besprekings hieroor gevoer. Afgesien van die begeerte na ’n dieper geestelike belwenis is verskeie ander leemtes en behoeftes aangedui. Hierdie behoeftes sal ook by toekomstige gebedsinisiatiewe ingesluit word.

Ons hoop om na nog besoeke later die jaar, hier teen die einde van die jaar gebedsnetwerke te sien in al die strategiese stede en dorpe in die Oos-Kaap. Dit sal nie net ons nie, maar ook ander gebedsnetwerke in staat stel om die kerk ingelig te hou oor al die inisiatiewe veral met die oog op die verkiesing volgende jaar. Dit gaan meer as net oor gebed aangesien die verhoudings wat tussen leiers ontstaan dikwels die katalisator is vir ander gesamentlike inisiatiewe. Die kaart met die rooi kolletjies bly in my gedagtes. Ek het gemengde gevoelens. Aan die een kant is die Kerk ongelooflik goed gevestig en is die geestelike fondasie van ons provinsie en die land in die woord van die Here oor eeue gegiet. Maar aan die ander kant is die potensiaal wat in hierdie fondasie opgesluit is so dormant. Ek glo dat die oproep wat van verskeie verhoë af kom dat ons saam die Here met ’n groter erns moet soek die sleutel is wat hierdie potensiaal gaan ontsluit. Elders meer daar-roor. Vir die van julle wat hou van die Transkei, die plek is besig om dramaties te verander van die bekende landelike omgewing na ’n baie meer stedelike omgewing. Die tradisionele modderhutte met die grasdakke is besig om te verdwyn. Orals word gebou, kraglyne word aangelê, paaie geteer en gebou en water resevoirs opgerig. Die pad tussen Mthatha en Port Saint Johns word heeltemal verbreed en opgegradeer met die oog op die bou van die nuwe tolpad vanaf Port Saint Johns na Port Edward. Die pad gaan verseker die gesig van die Transkei nog

2. Gesinsnuus

Pieter werk sedert die einde van verlede jaar by Mellowcabs in Stellenbosch nadat hy sy Autocad kursus by CTU voltooi het. Gaan google gerus Mellowcabs om meer te lees oor die amazing projek waarmee hulle besig is. ’n Mellowcab is ’n driesitplek elektries-aangedrewe voertuig. Ek noem dit ’n voertuig omdat daar nog nie ’n lekker Afrikaanse naam daarvoor is nie. Hulle verwys daarna as ’n cab of ’n taxi, maar daar moet ’n meer gepaste Afrikaanse naam wees. In elk geval die prototipe is in sy finale stadium van ontwikkeling en wanneer al die papierwerk eers uit die pad is beplan die firma om die Uber toep as platform te gebruik om ’n taxi-diens te bedryf. Hulle mark is gemik op mense wat oor ’n kort afstand binne stedelike gebiede vervoer nodig het. Daar is ook baie ander moontlikhede soos ’n aflewerings-diens en ek dink as jy ’n paar blommetjies opverf sal dit ook ’n goeie troukar maak. Die bruid se rok moet net nie te lank wees nie.

Hy het sedert verlede jaar ook betrokke geraak by hulle kerk se “transparty” uitreike. Hy hou van onkonvensionele uitreike en is onder andere verantwoordelik vir die logistiek. Vir die wat nie weet nie, soos ons, ’n “transparty” is ’n wegbreeknaweek vir mense wat opsoek is na ’n dieper geestelike ervaring. Dit neem die vorm aan van ’n kombinasie van oosterse musiek, chemiese ontwerpersmiddels, kunssinnigheid, kreatiwiteit en vrolikheid wat jou help om die aardse realiteit vir ’n wyle te ontvlug. Hulle uitreikspan skep dan ’n geleentheid waar mense net kan kom “chill” as hulle moeg gedans is. Hulle slaan ’n tent op en pak kussings en komberse uit waar die mense dan kom lê of kom sit op die grond. Niemand sit nie en daar is nêrens stoele nie, want of jy dans of jy sit op die grond of jy lê. So plat op die grond werk beter as jy met iemand wil gesels. So bevriend hulle mense en kry hulle geleenthede om met mense te praat oor hulle hartseer en terleurstellings in die lewe. Volgens Pieter is almal wat soontoe kom op soek na die sin en betekenis van die lewe, of om net vir ’n wyle te ontvlug. Die doel is nie om gesprekke in ‘n geestelike rigting te dwing nie, maar eerder net om ’n geleentheid te skep vir mense om net te praat. En praat praat hulle. In die proses het hulle baie mense al bevriend wat hulle die geleentheid bied vir verdere kontak, of by die volgende “transparty” of elders. Dit is baie vermoeiend, want van slaap is daar nie veel sprake nie.

Gebedsversoeke vir Pieter is vir hulle maatskappy om amptelike goedkeuring te kry vir ’n openbare vervoer permit vir die bedryf van die Taxi’s. Die taxi’s het reeds hulle padwaardigheidssertifikate of dan nou lisensies gekry, maar hulle mag nog nie mense teen vergoeding vervoer nie, as ek nou reg verstaan. So het hulle dan al ’n slag of wat as ’n proeflopie Stellenbosch se studente gratis rondgery net om haakplekke uit te stryk. Ons vertrou die Here ook vir hom vir sy eie voertuig aangesien hy nog nie kwalifiseer vir finasiering nie. Dit is vir hom ’n groot frustrasie wat hy met baie geduld hanteer.

Eldi het haar derde jaar in spraakterapie by UCT met ’n spoed getref en sedertdien

nog nie haar voet van die petrol afgehaal nie. Sy geniet haar kursus baie en het hulle kliniek-werk die jaar begin wat weer sy eie stel uitdagings gebring het. Dit verhoog die werkdruk dramaties maar is dit deel van die pakkie sê almal wat nou al die paadjie gestap het. Sy is gekies as sameroeper van die Christelike instansies wat in die koshuis verteenwoordig is en sy het nie op haar laat wag nie. Hulle het reeds 'n paar interkerklike byeenkomste in die koshuis agter die blad en in die proses die koshuis se eie lofprysingsgroep begin met 'n begaafde musiekstudent inkluis. Shofar Rondebosch het hulle Sondae middae dienste wat hoofsaaklik deur die studente bygewoon word na die Jameson Saal verskuif op UCT se hoofkampus. Dit gaan verseker 'n groot invloed hê op die geestelike klimaat. Ons het nog nie die detail gekry nie, maar Eldi het gevra dat ons saam met haar bid oor 'n moontlike Shofar studente uitreik na Thailand in die Julie-vankansie of 'n opvolgbesoek aan die kinderhuis in Zimbabwe waar hulle 2 jaar gelede was. Sodra ons meer detail het sal ons via sosiale media dit deel. Behalwe die studies is dit seker die belangrikste gebedsversoek, die uitreik.

Ons bid tans oor Sugnét se voortgesette betrokkenheid by Huppelkind volgende jaar. Die personeel word gevra om elke jaar hier teen die einde van Julie aan te dui of hulle die volgende jaar gaan aanbly. Daar is die gewone voor en nadele verbonde aan so 'n besluit, maar is dit vir ons belangrik om by die Here te hoor wat Hy sê. Ons vra julle om saam met ons te bid oor hierdie saak asseblief. Haar gewrigspyne het haar genoop om vir al die nodige toetse te gaan en is sy met 'n vroeë stadium van rumatoïede artritis gediagnoseer. Dit is volgens die spesialis in die geneesbare en omkeerbare fase en kry sy tans die nodige medikasie. Die neweeffekte is sover beperk alhoewel haar energievlakke nie altyd is waar dit voorheen was nie. Sy hou baie moed en bewonder ek haar. In die volgende nuusbrief sal sy self meer hieroor vertel. Teen daardie tyd sal die behandeling voltooi wees en vertrou ons die Here dat die nuus goeie nuus sal wees.

3. Ondersteuners-ontbyt

Baie dankie aan almal wat ons ondersteunerstee op 17 Maart bygewoon het. Dit was vir ons regtig so lekker om so baie van julle daar te kon gesien het en is ons inderdaad bevoorreg om so korps mense agter ons te hê. Vir die wat nie kon kom nie en vir die wat dalk nie die uitnodiging gekry het nie ons sal weer 'n geleentheid reël op die regte tyd. Tydens die ontbyt het ons verskeie van die hulpmiddels wat ons gebruik en wat julle kan gebruik bekend gestel. Dit is nou die kursusmaterial van die 'Bible School on Wheels", "Prayer Map", "Beyond the River" of te wel "What's Your Story" en al die evangelisasie-hulpmiddels. Hier is ongelukkig nie plek vir die detail nie en sal ons by 'n volgende geleentheid weer daaroor uitwei. Intussen kontak ons asseblief vir inligting.

4. Nehemia se Visie

Nehemia het nie tyd gemors toe hy Jerusalem se mure herbou het nie. Daardie

geskiedenis is opgeteken in Nehemia se eerste 2 hoofstukke en daarvolgens het dit hom net 52 dae geneem! Hier by ons neem dit heelwat langer. Die Nehemia strategie is 'n Metropool-wye inisiatief wat daarop gemik is om in elk van die 60 munisipale wyke Kerke te mobiliseer om aktief by gemeenskapstrukture soos skole betrokke te raak, gefokus te bid vir die behoeftes in daardie wyk, verhoudings met die raadslede op te bou en op 'n praktiese manier uit te reik na die nood in daardie gemeenskap. Baie kerke doen dit alreeds. Ek dink nie dit is haalbaar om die inisiatief strategies in al die wyke te fasiliteer nie en teiken ons daarom net 'n paar wyke binne ons reikafstand. Die mees problematiese en behoeftige wyk in ons area is wyk 50 wat Tambo en Moeggesukkel insluit. Ek en Phakamisa het hier teen die einde van verlede jaar begin om die kerkleiers te ontmoet en het ons nou al 'n paar byeenkomste gehad om die visie en noodsaaklikheid van samewerking te verduidelik. Die idee om in 'n netwerk saam te werk was bietjie vreemd omdat hulle hou van komitees. In so 'n netwerk is niemand baas nie. Op Vryheidsdag het ons saam met hulle 'n uitreik gehou in die area en is daar entoesiasme vir samewerking vorentoe. Dit was verblydend! Phakamisa doen amazing werk vir die Here en sal ek graag by 'n volgende keer meer wil vertel daarvan.

5. Oos-Kaap

Onlangs kuier ek by 'n vriend van my in Port Elizabeth daar in Mount Pleasant waar die wind die reuk van die see die Baai inwaai. Hy is pas aangestel as die Waardeerder-Generaal van die Oos-Kaap en klink my goed ingelig wanneer dit kom by grondeise, restitusie en alles wat daarmee verband hou. Hy het 'n hele biblioteek vol Africana boeke oor die land se gekiedenis en raak ons aan die gesels oor die Oos-kaap, oor almal wat al oor die eeue hier kom bly het, nie met mekaar kon klaarkom nie, en mekaar of die see ingejaag het of landuit gejaag het. Ons praat ook oor die Kerk se geskiedenis en die invloed daarvan op die stukkie grond wat die Here vir ons gegee het om te be-arbei. Hy haal toe 'n boek uit die rak uit met die titel "Missions Atlas". Dit is meer 'n atlas as 'n boek en was saamgestel met die doel om al die sendingstasies regoor die wêreld op daardie stadium te dokumenteer met veral 'n fokus op die Duitse sendingorganisasie of kerke. Die Atlas is in 1904 gepubliseer en bestaan uit gedetailleerde kaarte van verskillende dele van die wêreld. Die kaarte oor Suid-Afrika vang dadelik my oog. Die sendingstasies is met rooi sirkeltjies gemerk met 'n kode van die instansie wat dit bedryf het daarby. Agter in die atlas was 'n gids van seker maklik 150 organisasies en kerke wat elke kode verduidelik. Die kaart van Suid-Afrika lyk asof dit waterpokkies het. Net in die Oos-Kaap alleen tel ek digby 100 sendingstasies. As in aggeneem word dat daar tydens die 1904 sensus maar 'n skrale 2,4m mense in die hele Wes-, Suid- en Ooskaap gebly het, was 100 sendingstasies sekerlik nooit genoeg nie, maar wat belangrik is was hoe hulle strategies geplaas was. 'n Mens kry die indruk dat daar goeie samewerking en kommunikasie tussen al die rolspelers was wat gesorg het dat feitlik elke hoekie en draaitjie van ons provinsie geestelik bereik kon word.